# IPW SERTIFISERING EN OUDIT BELEID

**2021**

## 1. REGISTRASIE VIR IPW: PLAAS, KELDER EN BOTTELEERDER

Kontak die IPW kantoor om by IPW aan te sluit as lid. Alle IPW lede moet ook by SAWIS geregistreer wees. IPW kantoor (021) 889 – 6555. SAWIS kantoor (021) 807 – 5700.

## 2. IPW SERTIFISERINGS VEREISTES

### 2.1 Nuwe lede

ʼn Nuwe IPW lid is ʼn plaas, kelder of botteleerder wat vir die eerste keer aansoek doen om IPW lidmaatskap deur die IPW kantoor te skakel of die aanlyn aansoek vorm te voltooi via www.ipw.co.za. Alle nuwe lede sal op die IPW webtuiste gereregistreer word vir die indien van die jaarlikse self- evaluasie vorms.

**BELANGRIK:** Alle IPW self-evaluasievorms moet jaarliks voor 31 Mei op die IPW elektroniese databasis ingedien wees.

Sodra die self-evaluasie vorms elektronies ontvang is, sal ʼn onafhanklike oudit vir die betrokke plaas, kelder of botteleerder geskeduleer kan word. Plase word geoudit as deel van die kelder waarby die druiwe gelewer word. Indien die onafhanklike oudit bevestig dat die betrokke plaas, kelder of botteleerder aan die minimum vereistes voldoen, sal ʼn oudit verslag asook ʼn IPW sertifikaat via epos aan die lid gestuur word. Die oudit verslag en sertifikaat kan ook elektronies via die IPW webwerf afgelaai word.

Indien die oudit verslag toon dat die lid nie aan die minimum vereistes voldoen nie, moet die nodige regstellings eers gedoen word waarna ʼn verdere opvolg-oudit gedoen sal word voordat ʼn IPW sertifikaat uitgereik sal word. Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om ʼn opvolg oudit te reël.

Geen nuwe kelder of botteleerder kan aanvanklike IPW sertifisering ontvang alvorens voldoening aan IPW vereistes nie deur ʼn onafhanklike oudit bevestig is nie.

Jaarlikse self-evaluasievorms moet voor 31 Mei via die IPW webblad ingedien word. Indien die self-evaluasievorms toon dat daar aan die minimum vereistes voldoen word sal ʼn IPW sertifikaat elektronies uitgereik word.

Die geregistreerde IPW perseel sal onderwerp word aan gereelde onafhanklike oudits insake hierdie beleid of op ʼn lukrake steekproef basis. Indien enige van hierdie oudits sou toon dat daar nie aan die nodige vereistes voldoen word nie, word die lid 6 maande gegun om die

nodige regstellings te implementeer, waarna 'n verdere opvolg-oudit gedoen moet word voordat IPW sertifisering kan hervat. Indien die nodige regstellings nie binne 6 maande gedoen word nie, mag IPW sertifisering opgeskort word totdat voldoening aan die minimum vereistes weer deur 'n onafhanklike oudit bevestig word.

### 2.2 Bestaande lede

Die self-evaluasie vorms moet elke jaar voor 31 Mei via die IPW webblad ingedien word. Indien die self-evaluasie vorms toon dat daar aan die minimum vereistes voldoen word sal 'n IPW sertifikaat elektronies uitgereik word.

Die geregistreerde IPW perseel sal onderwerp word aan gereelde onafhanklike oudits insake hierdie beleid of op 'n lukrake steekproef basis. Indien enige van hierdie oudits sou toon dat daar nie aan die nodige vereistes voldoen word nie, word die lid 6 maande gegun om die nodige regstellings te implementeer, waarna 'n verdere opvolg-oudit gedoen moet word voordat IPW sertifisering kan hervat. Indien die nodige regstellings nie binne 6 maande gedoen word nie, sal IPW sertifisering opgeskort word totdat voldoening aan die minimum vereistes weer deur 'n onafhanklike oudit bevestig is. Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om 'n opvolg oudit te reël.

## 3. HANTERING VAN SELF-EVALUASIEVORMS

### 3.1 Plaas sonder 'n kelder. (Primêre Produsent)

3.1.1 Alle self-evaluasievorms (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) moet voltooi en voor 31 Mei elke jaar op die IPW elektroniese databasis ingedien word. Die kelder se IPW kontroleurs moet toesien dat die lede se vorms korrek ingevul en via die IPW webblad ingedien is.

3.1.2 Die slaagpunt van 65% of meer moet behaal word.

3.1.3 Daarbenewens moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl.:

- Geen ontoelaatbare residu's mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie en alle etiketvoorwaardes van spuitstowwe moet streng nagekom word.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
  - Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (IPW Riglyn 2 en 3)
  - Registrasie van watergebruike (IPW Riglyne 2, 3 en 9)
  - Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landbouchemiese middels en houers (IPW Riglyn 14)

3.1.4 Indien een van die vereistes onder 3.1.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums beskikbaar wees of saam met die evaluasievorm by die kelder ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

### 3.2 Kelder met ’n plaas. (Landgoed Kelder)

3.2.1 Alle self-evaluasievorms vir die kelder (Bylae 4) asook (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) moet voltooi vir die plaas en voor 31 Mei elke jaar via die IPW elektroniese databasis gelaai wees.

3.2.2 Beide die plaas en die kelder moet die slaagpunt van 65% (plaas) en 60% (kelder) of meer behaal.

3.2.3 Daar moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl.:

**<u>Plaas</u>**

- Geen ontoelaatbare residu’s mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie en alle etiketvoorwaardes van spuitstowwe moet streng nagekom word.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
  - Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (IPW Riglyn 2 en 3)
  - Registrasie van watergebruike (IPW Riglyne 2, 3 en 9)
  - Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landbouchemiese middels (IPW Riglyn 14)

**<u>Kelder</u>**

- Druiwe moet volgens die IPW riglyne geproduseer wees.
- Geen ontoelaatbare residu’s mag in die wyn voorkom nie.
- Voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.
- Kelder moet opgedateerde skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir die bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

3.2.4 Indien een van die vereistes onder 3.2.3 nie gehaal word nie, moet ’n aanvaarbare aksieplan met teikendatums beskikbaar wees of saam met die evaluasievorm by die kelder ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

### 3.3 Produsente kelder (Ko-operatiewe Kelders)

3.3.1 Die evaluasievorms (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) vir die plase wat druiwe by die kelder lewer, moet voor 31 Mei elke jaar via die IPW elektroniese databasis gelaai wees. Die kelder kontroleur of die vorms korrek ingevul is, en of die nodige rekords beskikbaar is om punte te staaf.

Die evaluasievorm van die kelder (Bylae 4) moet jaarliks voltooi word en voor 31 Mei via die IPW elektroniese databasis ingedien wees.

3.3.2 Beide die plase wat druiwe gelewer het en die kelder moet die slaagpunt van 65% (plaas) en 60% (kelder) behaal.

3.3.3 Daar moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl.:

**Plase**

- Geen ontoelaatbare residu's mag op druiwe voorkom nie.
- Onthoudingsperiodes mag nie oorskry word nie.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie en alle etiketvoorwaardes van spuitstowwe moet streng nagekom word.
- Voldoen aan alle toepaslike wetgewing rakende:
- Ploegpermitte en Omgewingsimpakstudies (IPW Riglyn 2 en 3)
- Registrasie van watergebruike (IPW Riglyne 2, 3 en 9)
- Alle aspekte rondom hantering, opberging en wegdoening van landbouchemiese middels (IPW Riglyn 14)

**Kelder**

- Druiwe moet volgens IPW geproduseer wees.
- Geen ongeregistreerde middels mag gebruik word nie. Alle etiketvoorwaardes van spuitstowwe moet streng nagekom word.
- Voorgeskrewe rekordhouding moet bygehou word.
- Kelder moet skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

3.3.3 Indien een van die vereistes onder 3.3.3 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums beskikbaar wees of saam met die evaluasievorm by die kelder ingedien word waarin beskryf word watter stappe geneem word om in die volgende seisoen wel aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen.

**3.4 Botteleerders**

3.4.1 Die evaluasievorm van die botteleerder (Bylae 4) moet voltooi en voor 31 Mei elke jaar via die IPW webblad ingedien wees.

3.4.2 Die slaagpunt van 60% of meer moet behaal word.

3.4.3 Daarbenewens moet aan die volgende kwalifikasievereistes voldoen word, nl.:

- Voorgeskrewe rekordhouding en prosedures moet bygehou word.
- Botteleerders moet skriftelike toestemming/permitte/lisensies vir bestuur van vaste afval en afvalwater hê.

3.4.3 Indien een van die vereistes onder 3.4 nie gehaal word nie, moet 'n aanvaarbare aksieplan met teikendatums beskikbaar wees waarin beskryf word watter stappe geneem sal word om in die volgende seisoen aan die voorgeskrewe vereistes te voldoen

**OUDITVLAKKE VIR PLASE**

1. Self-oudit: Invul van evaluasievorms vir die plaas (Bylaes 1 insluitende Tabel 1, 2a, 2b en 2c) en elektronies via die IPW webblad ingedien voor 31Mei.

2. Kelder Kontroleurs: Kelders waar die druiwe gelewer word moet kontroleer dat die vorms korrek en volledig ingevul is en of die nodige rekords beskikbaar is om punte te staaf en of die self-evaluasie vorms op die IPW webblad ingedien is.

3. Onafhanklike oudit: Word uitgevoer deur die WSR se geakkrediteerde ouditeur as deel van die kelder oudit siklus. By produsente kelders sal minstens 3 plase per kelder, elke oudit siklus, op lukrake wyse geoudit word met 'n jaarlikse verhoging in aantal plaas oudits soos moontlik.

4. Oudit op Aanvraag: IPW oudits kan deur die WSR se geakkrediteerde ouditeure op aanvraag van kopers gedoen word.

**OUDITVLAKKE VIR KELDERS**

1. Self-oudit: Invul van die evaluasievorms vir die kelder (Bylae 4) en ingedien voor 31 Mei elke jaar via die IPW elektroniese databasis.

2. Onafhanklike oudit: Word uitgevoer deur WSR se geakkrediteerde ouditeur as deel van die kelder oudit siklus By produsente kelders sal minstens 3 plase per kelder, elke oudit siklus, op lukrake wyse geoudit word met 'n jaarlikse verhoging in aantal plaas oudits soos moontlik.

3. Oudit op Aanvraag: Oudits kan deur die WSR se geakkrediteerde ouditeure op aanvraag van kopers gedoen word.

**OUDITVLAKKE VIR BOTTELEERDERS**

1. Self-oudit: Invul van die evaluasievorms vir die kelder (Bylae 4) en ingedien voor 31 Mei elke jaar via die IPW webblad.

2. Eksterne oudit; Word uitgevoer deur die WSR se geakkrediteerde ouditeurs as deel van die oudit siklus.

3. Oudit op Aanvraag: Oudits kan deur die WSR se geakkrediteerde ouditeure op aanvraag van kopers gedoen word.

## IPW KONTROLEURS BY PLASE, KELDERS EN BOTTELEERDERS

Kelders, veral produsente kelders, word aangemoedig om IPW kontroleurs aan te wys om behulpsaam te wees met die kontrolering van die IPW sel-evaluasievorms soos dit vanaf die plase ontvang word.

Kontroleurs moet oor ʼn geldige IPW opleidingsertifikaat beskik en sy/haar taak is

- om te kontroleer dat alle IPW self-evaluasievorms volledig en korrek ingevul is
- om te verifieer dat alle IPW vorms jaarliks voor 31 Mei via die IPW webblad ingedien is.
- om te verifieer dat alle nodige rekords beskikbaar is om punte te staaf.
- om te verifieer dat daar aan al die nodige wetgewing voldoen word of dat die nodige aksieplanne met teikendatums in plek is om voldoening te bereik.

Hierdie kontrolering en verifiëring moet verkieslik in die teenwoordigheid van die produsent gedoen word. Die onus berus egter op elke produsent om self toe te sien dat die inligting op die IPW self-evaluasie vorms volledig ingevul en feitlik korrek is

Die WSR se geakkrediteerde ouditeure sal die oudits by produsente kelders in samewerking met die IPW kontroleur uitvoer.

## JAARLIKSE IPW OUDIT BESOEKE DEUR WSR SE OUDITEURE

Die Wyn-en Spiritusraad befonds verpligte oudits sodanig dat die wynkelders, botteleerders en plase binne ʼn beplande termyn van ten minste elke drie (3) jaar geoudit word. Wynkelders, botteleerders en plase moet ten minste een keer elke drie (3) jaar ʼn onafhanklike oudit slaag ten einde volgehoue IPW sertifisering te verseker. Plase van produsente kelders (Koöperatiewe kelders) word lukraak vir die oudit gekies.

Die doel van die verpligte onafhanklike IPW oudits is om te verseker dat die integriteit van die IPW Skema gerespekteer word en dat die evaluasievorms; relevante dokumentasie en praktyke korrek voltooi en geïmplementeer word, soos voorgeskryf deur die IPW riglyne asook hierdie beleid.

Die Wyn-en Spiritusraad kontrakteer ʼn onafhanklike ouditliggaam om wynkelders, botteleerders en plase verspreid oor al die wynboustreke, op die Raad se koste, te oudit. Die onafhanklike oudit maatskappy, Enviroscientific, is tans gekontrakteur om die IPW oudits te koördineer en uit te voer.

## AANVAARDING EN KANSELLASIE VAN BEVESTIGDE OUDIT AFSPRAKE

Ten einde die verpligte oudits lewensvatbaar te maak verg noukeurige beplanning en daarom kan sodanige oudits van wynkelders, botteleerders en plase slegs plaasvind op vasgestelde datums in verskillende streke. Om gebruik te kan maak van die WSR geborgde oudits moet lede geoudit word in daardie tydgleuwe.

Wynkelders, botteleerders en plase word versoek om binne twee (2) weke nadat die ouditliggaam hul kontak, ’n oudit afspraak te bevestig.

Waar ’n verpligte oudit geweier word of waar ’n reeds bevestigde IPW oudit afspraak gekanselleer word, word die betrokke produsent op ’n probasie tydperk van 6 maande geplaas. Gedurende die 6 maande kennistydperk is dit die IPW lid se verantwoordelikheid om ’n gepaste datum vir ’n opvolg oudit met die IPW kantoor te bevestig ten einde IPW opskorting te vermy.

Die koste van die opvolgoudit sal die wynkelder, botteleerder of plaas se eie verantwoordelikheid wees.

**IPW OUDIT OP VERSOEK**

Enige plaas, kelder of koper kan vra dat ’n plaas, kelder of botteleerder deur een van die WSR se geakkrediteerde ouditeurs geoudit word buite die normale lukrake steekproef ouditsiklus. Die koste van hierdie oudits word deur die plaas, kelder of koper self gedra.

**IPW PROBASIE TYDPERK EN HER-OUDIT**

Indien die oudit toon dat die lid nie aan die minimum vereistes voldoen nie, word die lid 6 maande gegun om die nodige regstellings te implementeer, waarna ’n verdere opvolg-oudit gedoen moet word voordat IPW sertifisering voortgesit kan word.

Die plaas, kelder of botteleerder is self verantwoordelik vir die koste van die her-oudit.

**IPW OUDITBELEID TEN OPSIGTE VAN GEHUURDE WINGERDE**

Druiwe van wingerde wat by ’n grondeienaar gehuur word, kwalifiseer slegs vir IPW indien die jaarlikse selfevaluasie en eksterne oudits al die riglyne dek en vir die plaas as geheel beoordeel word en nie net vir die gehuurde wingerd nie.

Waar ’n grondeienaar wingerd aan ’n ander persoon/persone verhuur, behoort ’n skriftelike ooreenkoms opgestel te word wat duidelik aandui wie vir die implementering en ondersteunende dokumentasie/rekordhouding vir elk van die IPW riglyne verantwoordelik is vir selfevaluasie en ouditdoeleindes.

Sekere aspekte met betrekking tot omgewingsbestuur en bewaring van natuurlike habitatte en bedreigde ekostelsels byvoorbeeld registrasie van watergebruik, huishoudelike afvalbestuur en beheer van uitheemse indringerplante, bly die grondeienaar se verantwoordelikheid. Die grondeienaar moet dan al die nodige dokumentasie en bewyse aan die huurder/s van die wingerd beskikbaar stel of die huurder/s en die grondeienaar moet saam die jaarlikse selfevaluasie en oudits doen.

**ADDISIONELE OUDITS WAT OOK DEUR DIE WSR BEFONS WORD**

Druiwe ontledings (Jaarliks)

Tydens elke parsseisoen word minstens 120 druiwe monsters by kelders op ŉ totale lukrake basis getrek en deur ŉ geakkrediteerde laboratorium met behulp van multi-residu analise ontleed vir residu's van plaagdoders. Die inspekteurs van SAWIS is getaak om hierdie funksie te verrig.

1. Indien geen plaagdoder residu's op die druiwe gevind word nie, word ŉ skrywe aan die produsent wie se druiwe ontleed is, gestuur wat die uitslag aantoon.

2. Indien plaagdoder residu's, onder die maksimum toelaatbare vlakke, op die druiwe gevind word, word ŉ skrywe aan die produsent wie se druiwe ontleed is gestuur wat die uitslag aantoon; en

3. Indien plaagdoder residu's, bo die maksimum toelaatbare vlakke op die druiwe gevind word, word die produsent wie se druiwe ontleed is asook die kelder by wie die druiwe gelewer is, onmiddellik mondelings hiervan verwittig waarna dit per skrywe bevestig sal word. Die wyn gemaak van hierdie druiwe moet verder ontleed word om te bepaal of dit nog geskik is vir verdere gebruik.

a) Indien die wynontleding toon dat die wyn residu's onder die toelaatbare vlakke bevat sal die wyn geskik geag word vir gebruik en die wyn mag steeds gesertifiseer word.

b) Indien die wynontleding toon dat die wyn residu's bo die maksimum toelaatbare vlakke bevat, sal die wyn op lasgewing geplaas word en kan die wyn nie gesertifiseer word nie.

Residu ontledings Wyn

Die Nasionale Departement van Landbou se Direktoraat vir Voedselveiligheid en Gehaltebeheer ontleed jaarliks gebotteleerde wyne bestem vir uitvoer. Hierdie ontledings sluit multi-residu toetsing vir plaagdoder residu's in.

1. Indien geen plaagdoder residu's in die wyn gevind word nie sal die wyn as geskik geag word en kan dit gesertifiseer word.

2. Indien plaagdoder residu's, onder die maksimum toelaatbare vlakke in die wyn gevind word sal die wyn as geskik geag word en kan dit gesertifiseer word.

3. Indien plaagdoder residu's bo die maksimum toelaatbare vlakke gevind word, sal die wyn op lasgewing geplaas word en kan die wyn nie gesertifiseer word nie.

..........................................................
Mnr. Daniël Schietekat
Bestuurder IPW.